NUUSBRIEF 5

6 Februarie 2017

Geagte Ouers

ATLETIEK : CLUSTER REGSTELLING
Die jaarlikse Clusterbyeenkoms vind plaas op Dinsdag, 7 Februarie 2017 by Hoërskool Oos-Moot. Atlete wat deelneem het reeds briewe en programme ontvang.

FOTO'S
As gevolg van die Clusterbyeenkoms kan ons nie by die oorspronklike datum van 7 Februarie hou vir die neem van die individuele foto's nie. Ons neem nou op Woensdag, 8 Febuarie 2017 die betrokke foto's.

Al die Graad 1 fotogeld moet nie later as 17 Februarie 2017 by die klasonderwysers inbetaal word. U moet asseblief die korrekte geld in die koevert plaas aangesien ons dit net so verseël aan die fotograwe oorhandig en daar dus nie kleingeld gegee kan word nie.

RUGBY
Daar sal nie op Dinsdag, 7 Februarie 2017 enige rugbyoefening wees nie aangesien die manspersoneel betrokke is by die Clusterbyeenkoms. Oefentye vir hierdie week is as volg:

O/9 en O/10		**O/11 en O/13**	
Maandag	15:00 tot 16:00	Maandag	16:00 tot 17:00
Donderdag	14:00 tot 15:30	Donderdag	15:30 tot 17:00

BULLETJIERUGBY 2017
Oefeninge begin Maandag, 6 Februarie 2017 om 17:00 op die sportgronde. Die oefeninge sou aanvanklik op 15 Februarie 2017 begin het, maar aangesien daar 'n moontlike vriendskaplike wedstryddag op 25 Februarie 2017 gehou kan word, moet ons vroeër begin oefen.

AFRIGTERSKURSUS

Op Maandag, 13 Februarie 2017 word daar ‘n Bulletjie-afrigterskursus by Laerskool Queenswood om 18:00 aangebied. Alle afrigters en skeidsregters is welkom.

NETBAL

Oefeninge begin op Donderdag, 9 Februarie 2017 en die tye is as volg:

O/6	13:00 tot 14:00
O/7 tot O/9	14:00 tot 14:45
O/10 tot O/13	14:00 tot 15:15

ENTREPRENEURSDAG

Op Woensdag, 8 Februarie 2017 kry ons Juniors kans om hul verkoopsvervaardighede ten toon te stel. Ons verkies dat die leerders self die verkope waarneem. Daar sal egter leiers teenwoordig wees indien die kleiner outjies bietjie onseker is. Geen gevaarlike speelgoed of enige kougom-verwante artikels word toegelaat nie. Bring asseblief eie kleingeld saam.

RONNIEDAG

Bring asseblief al u afvalpapier op Woensdag, 8 Februarie 2017 na die Ronniehouer by die kleinhekkie in 29ste Laan. Indien moontlik kan u alle wit papier apart bring.

TUSSENVERKIESING VAN BEHEERLIGGAAMSLEDE

Met die huidige Beheerliggaam steeds voluit aan die gang met hul verkose termyn, is dit slegs tyd vir ‘n tussenverkiesig a.g.v. twee lede wie se kinders klaar gemaak het met hul laerskoolloopbaan en die ouers dus nie meer hier by ons betrokke kan wees nie. Die tussenverkiesing vind plaas op Woensdag, 22 Februarie 2017 om 19:00 in die skoolsaal. Gedurende 2016 is twee lede reeds gekoöpteer en het reeds voluit aan die werk gespring. Beide lede is met hul goedkeuring, genomineer vir hierdie tussenverkiesing.

1) Advokaat Werner Hattingh wat as regsgeleerde vir ‘n skool van onskatbare waarde kan wees, veral in die tyd van onsekerheid en wetgewing rondom toelating van leerders asook verwante regsaangeleenthede.
2) Me Adele van Geer is ‘n geregistreerde rekenmeester by SAIPA (South African Institute for Professional Accountants). Sy is reeds vir sewe jaar betrokke by ‘n skool waar sy volle verantwoodelikheid dra vir die finansies, dit sluit die hantering van debiteure, krediteure asook alle state tot by Oudit in.

Indien enige ouer van ons skool egter wel ‘n ander ouer wil nomineer is nominasievorms by die skoolkantoor beskikbaar.

VILLIESDRAG

Ons vra weer groot asseblief indien daar Villiesdrag iewers in ‘n kas lê wat nie meer vir die leerders pas nie en wat nog in ‘n goeie toestand is, dat u dit na die klerebank sal stuur. Ons het nou ‘n redelike groot voorraad van skoolklere, maar het ‘n ernstige tekort aan Villiesdrag.

_____

D P HAABROEK
HOOF